

| | |
|----------|-------|
| 1 | GEBED |
|----------|-------|

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

| | | |
|----------|------------------|--|
| 2 | DEEL (20 minute) | <i>[STILTETYE]</i> 1 KORINTIËRS 13 - 16 |
|----------|------------------|--|

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (1 Korintiërs 13 - 16). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

| | | |
|----------|-------------------------|--|
| 3 | MEMORISERING (5 minute) | <i>[SLEUTELVERSE IN JOHANNES]</i> (3) JOHANNES 2:25 |
|----------|-------------------------|--|

Repeteer twee -twee.

(3) Johannes 2:25. Hy het nie nodig gehad dat iemand Hom iets van 'n mens vertel nie, want Hy het self geweet hoe mense is.

| | | |
|----------|----------------------|--|
| 4 | ONDERRIG (85 minute) | <i>[KERKLIKE FEESDAG]</i> PINKSTER: HERDENKING VAN DIE UITSTORTING VAN DIE HEILIGE GEES |
|----------|----------------------|--|

Inleiding. Pinkster is die feesdag waarop Christene die uitstorting van die Heilige Gees herdenk. Ons wil leer wat die Bybel sê oor die uitstorting van die Heilige Gees en die uitwerking daarvan op Christene. Ons gaan leer dat die uitstorting van die Heilige Gees deur die profete in die Ou Testament voorspel is, wat daar gebeur het toe die Heilige Gees uitgestort is en waarom die uitstorting van die Heilige Gees so belangrik is.

A. PROFESIEË OOR DIE UITSTORTING VAN DE HEILIGE GEES

1. Die insameling van die oes in die Ou Testament is 'n illustrasie van die uitstorting van die Heilige Gees.

In die Ou Testament was Pinkster 'n fees wat die einde van die oestyd aandui (Eksodus 23:16). Dit het op Sondag sewe weke na die Sondag na die sabbat van die paasfees plaasgevind (Saterdag die 15^{de} dag van die 1^{ste} maand Nisan of Maart-April) waarop die eerste ryp are vir die priester aangebied is en deur hom voor die aangesig van die HERE beweeg is (Levitikus 23:10-11). Dit het *die begin* van die nuwe oes aangekondig en simboliseer die latere opstanding van Jesus Christus!

Pinkster is ook 'die fees van die weke' genoem en was 'n illustrasie van die uitstorting van die Heilige Gees (Levitikus 23; Deuteronomium 16). Die Israëliete moes 'n deel van die opbrengs van hulle oes na die tempel bring, in verhouding tot hoe God hulle geseën het. Daar het hulle 'n vreugdefees gevier saam met hulle familie, hulle werknemers, die Leviete, die vreemdelinge en die armes van hulle woonplek. Pinkster was dus 'n fees om vir God dankie te sê vir die oes.

In die Nuwe Testament is die Heilige Gees uitgestort tydens die Pinksterfees (Handelinge 2). Die apostels het die evangelie verkondig, drieduisend mense het hulle bekeer tot Christus en die eerste plaaslike gemeente is in Jerusalem gestig! Die Ou-Testamentiese landbou oesfees het die Nuwe-Testamentiese geestelike oesfees geword. Die Nuwe-Testamentiese oesfees het gelei tot nuwe Christene en nuwe plaaslike gemeentes oral in die wêreld!

2. Profesieë oor die uitstorting van die Heilige Gees in die Ou Testament.

Ontdek en bespreek. Wat het die volgende profesieë oor die Heilige Gees geprofeteer?

(1) Jesaja 32:15; Jesaja 44:3.

God het gesê dat Hy sy Gees op sy mense sou uitstort. Soos die reën uit die hemel uitgegiet word om die droë en dorstige land te versadig en die woestyn te verander tot vrugbare velde en woude, so sal die Gees wat vanuit die hemel uitgestort gaan word, lei tot baie seëninge!

(2) Esegïel 36:25-28.

God het gesê dat Hy skoon water op sy mense sou sprinkel en so hulle van hulle onreinhede en afgode sou reinig. Hy sou die hart van klip uit hulle liggaam wegneem en hulle 'n hart van vleis gee. Hy sou sy Gees in hulle binneste gee en maak dat hulle sy Woord sou volg en gehoorsaam.

(3) Joël 2:28-32.

God het gesê dat Hy sy Gees op alle mense (d.i. die liggame van sy mense) sou uitstort. Die seuns en dogters sou profeteer, die oumense sou drome droom en die jong mans sou visioene sien. Elkeen wat die Naam van die HERE sou aanroep, sou gered word.

(4) Sagaria 4:6.

God het gesê dat Hy nie deur geweld (terrorisme, oorlog, ens.) nie, maar deur sy Gees sy werk sal verrig.

Die uitstorting van die Heilige Gees sou dus lei tot:

- tot die verlossing van mense wat die HERE aanroep
- tot gereinigde en veranderde harte
- tot gehoorsaamheid aan sy Woord
- en tot drome wat op 'n kreatiewe wyse omgesit sou word in sinvolle en vrugbare lewens!

3. Profesieë oor die uitstorting van die Heilige Gees in die Nuwe Testament.

Ontdek en bespreek. Wat het Jesus Christus oor die uitstorting van die Heilige Gees geprofeteer?

(1) Johannes 7:37-39.

Jesus het baie keer oor die uitstorting van die Heilige Gees op sy mense (die gelowiges) geprofeteer. Gelowiges moes na sy verheerliking, d.w.s. na sy opstanding, hemelvaart en troonsbestyging, wag op die uitstorting van die Heilige Gees. Dan sou die Heilige Gees soos strome lewende water uit die lewens van gelowiges vloei.

(2) Handeling 1:5.

Jesus het gesê dat sy dissipels 'n paar dae na sy hemelvaart gedoop sou word met die Heilige Gees. Dit het op Pinkster gebeur en word in Handeling 2 beskryf. Handeling 11:14-18 en Handeling 15:6-11 leer dat die doop met die Heilige Gees (die uitstorting van die Heilige Gees) dieselfde is as wedergeboorte deur die Heilige Gees.

B. DIE GEBEURTENISSE RONDOM DIE UITSTORTING VAN DIE HEILIGE GEES

1. Die uitstorting van die Heilige Gees op die dag van die Pinksterfees.

Lees Handeling 2:1-47.

Ontdek en bespreek. Hoe word die Heilige Gees op Pinkster uitgestort?

(1) Die Heilige Gees wat op mense gekom het gedurende die Ou-Testamentiese periode.

Hoewel die Heilige Gees vóór Pinkster al op mense gekom het, is die uitstorting van die Heilige Gees 'n spesifieke Nuwe-Testamentiese belofte (Numeri 11:17,25,29; 1 Samuel 10:6; 16:13-14; 19:20-21; 2 Samuel 23:2; vergelyk Johannes 20:21-23).

(2) Die Heilige Gees op Pinkster.

Tien dae na die hemelvaart van Jesus Christus het Jesus Christus die Heilige Gees uitgestort op alle mense, d.w.s., op almal wat in die tyd in Jesus Christus geglo het. Die dag was die Joodse fees vir die insameling van die oes. Daarom het Jode uit lande in die Romeinse Ryk en daarbuite na Jerusalem toe gekom om die fees te vier. Pinkster was vir Jode een van die drie verpligte pelgrimsreise na Jerusalem (Deuteronomium 16:16).

(3) Die unieke tekens op Pinkster.

Van die vier tekens was die eerste drie uniek en die vierde die beslissende teken van die uitstorting van die Heilige Gees:

- Die geluid soos van 'n geweldige stormwind" *simboliseer* die magtige, maar onsigbare werking van die Heilige Gees wat mense op 'n soewereine wyse wedergebore laat word (Johannes 3:3-8) en wat werk waar Hy wil (Handeling 16:6-10).
- "Verdeelde tonge, soos van vuur, het toe tussen hulle verskyn en op elkeen van hulle gaan sit" (Multivertaling) *simboliseer* sy gawe om die evangelie vurig en met liefde, moed en oortuiging in verskillende tale van die wêreld te verkondig (Handeling 2:3).
- Die toehoorders het die Christene gehoor praat, in verskillende verstaanbare tale van die omliggende volke, oor die groot dae van God (Handeling 2:11).
- Die Christene het die eerste plaaslike gemeente in Jerusalem gevorm en volhard in die leer van die apostels en in die onderling verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede (Handeling 2:42).

(4) Die uitstorting van die Heilige Gees op die eerste Jode wat al gelowiges (Christene) was.

Op Pinkster word die Heilige Gees eers op die ongeveer 120 vroeë dissipels van Jesus Christus uitgestort. Hoewel hulle al gelowiges (Christene) was, kon die beloofde Heilige Gees nie vóór die verheerliking van Jesus Christus uitgestort

word nie (Johannes 7:39). Na die opstanding, hemelvaart en troonsbestyging van Jesus Christus as die Koning van alle konings, was hulle die eerste wat die permanente inwoning van die Heilige Gees ontvang het (Johannes 14:16-17)!

(5) Die uitstorting van die Heilige Gees op die eerste Jode wat op die Pinksterdag eers begin glo het. Nadat die evangelie verkondig is deur die apostel Petrus en die ander apostels (d.i. hulle het die deur van die koninkryk van God vir mense oopgesluit) (Matteus 16:18-19), het ongeveer drieduisend Jode uit verskillende lande en tale hulle bekeer, die evangelie geglo en die Heilige Gees (as 'n gawe uit die hemel) ontvang (Handelinge 2:38,41). So het Pinkster 'n geweldig groot geestelike oes van wedergebore Christene geword! Pinkster is die fees wat die uitstorting van die Heilige Gees op die eerste gelowiges gedurende die Nuwe-Testamentiese periode herdenk. Elkeen wat in Jesus Christus geglo het, het die Heilige Gees ontvang (is met die Gees gedoop) (Handelinge 11:15-18) en orals het plaaslike gemeentes ontstaan (Handelinge 9:31). In alle boeke van die Nuwe Testament is die normale bewys vir die doop met die Gees die ontstaan van 'n funksionerende gemeente (of: huigemeente) (vergelyk Matteus 18:20)!

2. Die uitstorting van die Heilige Gees na Pinkster.

Ontdek en bespreek. Hoe is die Heilige Gees na Pinkster uitgestort?

(1) Die gesag om die deur van die koninkryk van God vir mense oop te maak.

Lees Matteus 16:18-19; Matteus 10:18.

Jesus Christus het die sleutels wat die koninkryk van God oopsluit aan sy dissipels gegee. Hulle word later “die twaalf apostels van Jesus Christus”. Die opdrag wat hulle gekry het, was om die evangelie te verkondig aan Jode in Jerusalem en Judea, aan Samaritane in Samaria en aan nie-Jode (heidene) tot aan die uithoeke van die aarde (Handelinge 1:8). Dit was hulle taak om die deur van die koninkryk oop te maak vir die eerste Jode (Handelinge 2), vir die eerste half-Jode (Samaritane)(Handelinge 8) en die eerste nie-Jode (heidene) (Handelinge 10).

(2) Die uitstorting van die Heilige Gees op die eerste half-Jode (Samaritane) wat begin glo het.

Lees Handelinge 8:4-17.

Vroeër was die Jode en Samaritane vyande wat mekaar verag het. Die Samaritane het nie onmiddellik die Heilige Gees ontvang toe hulle begin glo nie, omdat hulle moes wag totdat die apostels van Jesus Christus die deur van die koninkryk vir hulle oopsluit. Die verandering moes iewers uit duidelik word. Die apostel Petrus en Johannes het uit uit Jerusalem gekom, vir hulle gebid en hulle die hande opgelê as *teken* dat hulle die gawe van die Heilige Gees uit die hemel ontvang het.

(3) Die uitstorting van die Heilige Gees op die eerste nie-Jode (heidene) wat begin glo het.

Lees Handelinge 11:14-18; Handelinge 15:7-11.

Vroeër was die Jode en heidene ook vyande, omdat die heidense volke afgode gedien het en telkens God se Ou-Testamentiese volk, Israel, aangeval het. God moes eers 'n verandering van gesindheid by die nie-Jood, Kornelius, en by die Jood, Petrus, bewerkstellig. God het die ongewone middel van visioene gebruik om die heiden, Kornelius, én die Jood, Petrus, te beweeg om hulle eie gesindheid te verander (Handelinge 10:1-23). Toe hierdie eerste groep heidene die evangelie gehoor en met hulle hart geglo het, is hulle met die Gees gedoop (d.i. is hulle weergebore). Daarom mag hulle ook met water gedoop word (Handelinge 10:47-48). Die apostel Petrus het die evangelie verkondig en die deur na die koninkryk van God vir die eerste nie-Jode oopgesluit.

(4) Die Nuwe-Testamentiese Gemeente (Kerk) is gebou op die fondament van die apostels.

Lees Efesiërs 2:20; Openbaring 21:14.

Omdat die Here Jesus Christus sy apostels gebruik het om die deur van die koninkryk van God vir alle volke (onderverdeel in Jode, half-Jode en nie-Jode) oop te maak, word die apostels van Jesus Christus ‘die fondament van die Gemeente (Kerk)’ genoem. Na die geskiedkundige begin van die Christelike Gemeente (Kerk), ontvang alle Christene die Heilige Gees wanneer hulle die evangelie hoor en in Jesus Christus glo (Efesiërs 1:13; Titus 3:3-8; vergelyk Handelinge 2:39; 4:4; 5:32; 6:7).

C. DIE BETEKENIS VAN DIE UITSTORTING VAN DIE HEILIGE GEES VIR CHRISTENE

1. Die Persoon van die Heilige Gees

(1) Persoon.

Die Heilige Gees is nie 'n onpersoonlike krag nie, maar 'n Persoon, God Self (Handelinge 5:3-4). Hy is die derde van die drie synswyse, bestaanswyse of openbaringswyse van die Goddelike Wese wat nie van mekaar geskei, maar wel van mekaar onderskei kan word binne die eenheid van die Godheid (Matteus 28:19).

God se goddelike natuur styg ver bo die kenmerke van die geskape heelal (van wetenskaplike waarneming van materie, ruimte en tyd en van wiskundige getalle) uit:

- Hy is 'n éénheid/uniek wat betref sy goddelike wese (natuur)
- en meervoudig wat betref sy innerlike onderskeidings (persone).

Ook die Heilige Gees bestaan bó die geskape materie, ruimte en tyd (Genesis 1:2) .

(2) Eienskappe.

Hy het dieselfde inherente eienskappe soos God bv. Hy is ewig (Hebreërs 9:14). Hy het dieselfde eienskappe van God m.b.t. die heelal bv. Hy is alomteenwoordig (Psalm 139:7-10), almagtig (Jeremia 32:17,27) en alwetend (Psalm 139:1-4).

(3) Name.

Die name van die Heilige Gees verwys na sy goddelikheid (Romeine 8:9-10), na sy karakter as waarheid, liefde en genade (Johannes 14:17; Romeine 15:30; Hebreërs 10:29) of na sy werk in mense soos wysheid (Jesaja 11:2).

(4) Simbole.

Die simbole van die Heilige Gees verwys na sy werk in gelowiges (Christene).

- As “’n duif” daal Hy op Jesus Christus neer, ’n simbool van reinheid, sagmoedigheid en grasiëuse styl (Matteus 3:16; Johannes 1:32).
- As ’n onvoorspelbare en onweerstaanbare “wind” bewerk Hy in mense die wedergeboorte en vernuwe hulle (Johannes 3:3-8).
- As lewende “water” red Hy mense en maak elkeen van hulle ’n instrument van seën vir andere (Johannes 7:37-39).
- As “tongue van vuur” spoor Hy mense aan om die evangelie vurig in verskillende tale van die wêreld vreesloos en met groot oortuiging te verkondig (Handelinge 2:1-4).
- As “olie” salf Hy gelowiges tot hulle take as priester, profeet en koning.
- As ’n “seël” gee Hy die sekerheid dat gelowige God se besitting is (Romeine 8:16).
- En as “deposito” waarborg Hy aan gelowiges dat hulle absolute verlossing van begin tot einde ’n werklikheid is (2 Korintiërs 1:21-22).

2. Die funksies van die Heilige Gees m.b.t. Jesus Christus.

(1) Die Heilige Gees is die permanente Verteenwoordiger van Christus vir alle Christene op aarde.

Hy maak Jesus Christus en God die Vader ’n werklikheid vir mense op aarde en is die Waarborg (seël en deposito) van die vervulling van alle beloftes in die Bybel (2 Korintiërs 1:22).

Lees Johannes 16:7; Johannes 14:16-18.

Die wese en funksies van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is nie ’n onpersoonlike krag (soos die unitariërs glo nie), maar ’n Persoon met persoonlike eienskappe (Johannes 14:26; Johannes 15:26; Handelinge 15:28; Romeine 8:26; 1 Korintiërs 12:11; 1 Timoteus 4:1; Openbaring 22:17). Hy is ’n Persoon net soos God die Vader en God die Seun (Matteus 28:19; 1 Korintiërs 12:4-6; 2 Korintiërs 13:14; 1 Petrus 1:1-2). Hy het dieselfde goddelike natuur en is in wese één met God die Vader en God die Seun.

Die funksies van die Drie-enige God is gebaseer op die ontologiese (metafisiese, ewige en trinitariese) wese van God. Die uitstorting van die Heilige Gees (die doop met die Gees) is die werk van God die Vader (Handelinge 2:17; Handelinge 11:16-17) en tegelyk die werk van God die Seun (Matteus 3:11; Handelinge 2:33). Net soos God die Vader en God die Seun, gee God die Heilige Gees onderrig (Johannes 14:26) wanneer Hy Christene in die hele waarheid lei (Johannes 16:13) en mense van sonde, geregtigheid en oordeel oortuig (Johannes 16:8).

Die opstanding van Jesus Christus uit die dood en die graf op aarde, die hemelvaart van Jesus Christus na die hemel en die uitstorting van die Heilige Gees uit die hemel op mense op die aarde is *unieke historiese gebeurtenisse*. Sulke historiese gebeurtenisse word in geen ander wêreldgodsdien gevind nie!

Jesus Christus vra God die Vader om die Heilige Gees aan sy dissipels te skenk. Jesus het gesê: “Ek sal die Vader *vra*, en Hy sal vir julle ’n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees” (Johannes 14:16). Die Griekse taal het twee woorde vir ‘bid’: *vra* en *versoek*.

- Die werkwoord ‘vra’ (Grieks: *aiteó*) word altyd gebruik wanneer ’n mindere iets van ’n meerdere (hoër in status) vra. Die woord word altyd daarvoor gebruik om dinge in gebed van God te vra en beteken ‘smee’ (Johannes 4:9-10; 14:13; 15:7,16; 16:23-24,26).

- Die werkwoord ‘versoek’ (Grieks: *erotaó*) word altyd gebruik wanneer iemand iets van sy gelyke vra. Die woord word altyd gebruik wanneer Jesus op grond van gelykheid ’n versoek rig tot sy hemelse Vader (Johannes 14:16; 17:9,15,20)! Ons moet Jesus nooit voorstel as iemand wat gunste van God die Vader moet afsmeek nie. Jesus Christus het alle antwoorde op gebede volledig verdien op grond van sy verlossingswerk wat volbring is!

Die Heilige Gees is die Verteenwoordiger van Jesus Christus by Christene op aarde. Jesus het gesê: “Ek sal die Vader *vra*, en Hy sal vir julle ’n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees” (Johannes 14:16-17).

Die woord ‘Voorspraak’ (Grieks: *paraklétos*) beteken letterlik: *iemand wat geroep is om aan jou sy te staan en jou te help*. Dit het nie die passiewe betekenis van die Latynse vertaling: ‘advokaat’ of ‘raadgewer’ en ook nie die passiewe betekenis van die Griekse vertaling (in Job 16:2): ‘trooster’ nie. Dit het die aktiewe betekenis van ‘Helper’, ‘Middelaar’, en ‘Verteenwoordiger’, soos in ander Griekse literatuur.

- Die Verteenwoordiger (Grieks: paraklétos) in die hemel is Christus. In die eerste brief van Johannes word Jesus Christus die hemelse Verteenwoordiger van gelowiges (Christene) op die aarde genoem. Hy spreek ten behoeve van Christene met God die Vader (1 Johannes 2:1). Hy doen aktief voorbidding en voorspraak vir Christene by God in die hemel. Jesus Christus is dus die hemelse Helper of Verteenwoordiger van Christene op aarde.

- Die Verteenwoordiger (Grieks: paraklétos) op die aarde is die Heilige Gees. In die Evangelie van Johannes word die Heilige Gees die aardse Verteenwoordiger van Jesus Christus by Christene op aarde genoem. Hy spreek ten behoeve van Jesus Christus tot Christene op die aarde (Johannes 14:16-17; Johannes 16:13-15). Die Heilige Gees is die Middelaar tussen Jesus Christus en Christene. Hy lê die woorde van Christus duidelik uit (Johannes 14:26; Johannes 15:26; Johannes 16:14). Hy pas die volbragte verlossingswerk van Christus (wedergeboorte, regverdiging en heiliging) toe op die lewens van mense op die aarde. Hy verheerlik Jesus Christus op die aarde (Johannes 16:13-15). Hy is die Helper of Verteenwoordiger van Jesus Christus by mense op die aarde.

Die Heilige Gees is 'n 'ander' Verteenwoordiger, maar nie in die sin dat Hy onafhanklik van Jesus Christus is nie. Net soos Jesus Christus die Verteenwoordiger van Christene by God (die Vader) in die hemel is, so is die Heilige Gees die Verteenwoordiger van Christus by Christene op die aarde. Die Heilige Gees is die Gees van Christus met en in Christene (Johannes 14:16-17). Hy is "Christus in julle" (Romeine 8:9-10; 2 Korintiërs 3:17-18)! Toe Jesus Christus in sy menslike liggaam op die aarde was, kon Hy maar net op één plek tegelyk wees. Maar wanneer Jesus Christus in die Heilige Gees op die aarde is, dan is Hy tegelyk orals teenwoordig. Die Heilige Gees is alles vir Christene op die aarde wat Christus vir hulle sou gewees het as Hy nog as Mens op die aarde was! Daarom het Jesus Christus gesê dat dit voordelig sal wees vir sy dissipels dat Hy (Jesus Christus in sy menslike natuur) weggaan, omdat toe Hy met sy hemelvaart weggegaan het, kon die Heilige Gees kom (Johannes 16:7). Jesus Christus het belowe, "Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe" (Johannes 14:18) En "Onthou, Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" (Matteus 28:20)! Jesus is deur sy Gees 100% aanwesig!

Die Heilige Gees verander onmondige kinders en slawe onder die wet tot volwasse seuns en dogters en erfgename van God. Na die uitstorting van die Heilige Gees sal die Gees van Jesus Christus 'met' en 'in' Christene wees, d.w.s. langs hulle staan om hulle te help en in hulle harte en lewens te woon. God (Christus) deur die Heilige Gees kom om in die middel van die Christelike Gemeente (Kerk) te lewe (Efesiërs 2:22) en maak die lede van die Christelike Gemeente tot konings, priesters en profete in elke volk van die wêreld (1 Petrus 2:9-10).

Vóór die uitstorting van die Heilige Gees, was God se kinders (in die Ou-Testamentiese periode) net 'onmondige kinders en slawe onder toesig van die wet. Maar ná die uitstorting van die Heilige Gees is God se kinders (in die Nuwe-Testamentiese periode) volwasse seuns en erfgename onder die genade (Galasiërs 4:1-7; 5:4; Romeine 6:14).

God se Nuwe-Testamentiese volk is "God se geestelike tempel" (1 Korintiërs 6:16). God se Ou-Testamentiese volk (die gelowiges in Israel) het hulle eksklusiewe nasionale (Joodse) karakter neergelê en het God se internasionale volk geword (Johannes 10:16; Openbaring 5:9-10). Joodse en nie-Joodse Christene het hulle roem dat hulle vry (en geen slaaf) is nie, of dat hulle 'n 'man' (en geen vrou) is nie, opgegee. Hulle is nou almal 'Abraham se nageslag' of 'erfgename' (Galasiërs 3:28-29).

(2) Die Heilige Gees pas die verlossingswerk wat Christus volbring het, toe in die lewens van Christene.

Jesus het gesê die Verteenwoordiger is die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, want hulle sien Hom nie en ken Hom nie. "Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees" (Johannes 14:17). In die Evangelie van Johannes word Jesus Christus 'die Waarheid' genoem (Johannes 14:6), omdat Hy die Ou-Testamentiese skaduwees *vervul* het (Matteus 5:17), *opgehef* het (Kolossense 2:14) en *afgeskaf* het (Efesiërs 2:14-15) en die Nuwe-Testamentiese werklikhede' ingewy het (Johannes 1:17; Kolossense 2:17; Hebreërs 8:5; 10:1). Die Heilige Gees word 'die Gees van die waarheid' genoem (Johannes 14:17), omdat Hy die verlossingswerk wat Christus voltooi het, toepas in die lewens van nuwe Christene dwarsdeur die hele geskiedenis.

'Die wêreld' wat die Heilige Gees nie kan ontvang nie, is die wêreld van mense wat die duisternis meer lief het as die lig, omdat hulle werke sleg is (Johannes 3:19). Hierdie wêreld is openlik vyandig teen God, Christus, die Christelike Kerk en Christene (Johannes 15:18). Hierdie wêreld volg die leuens van die satan (Johannes 8:44; vergelyk Johannes 14:30), kan geestelike sake nie onderskei of besit nie (1 Korintiërs 2:12-14) en erken nie die Heilige Gees nie (Johannes 12:22-37; Handeling 2:12-17). Na die uitstorting van die Heilige Gees kan hierdie wêreld die Heilige Gees (d.i. die Gees van Jesus Christus) nie aanneem nie, omdat hulle Hom nie voortdurend sien (waarneem), erken of ervaar nie. Beide werkwoorde: 'sien' en 'ken' is in die onvoltooide teenwoordige tyd. Maar opregte Christene sien Hom en sy werk voortdurend met hulle geestelike oë raak en erken en ervaar Hom in hulle lewens.

(3) Die Heilige Gees maak die teenwoordigheid van Jesus Christus 'n werklikheid vir Christene.

Jesus het gesê: "Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe" (Johannes 14:18). Hoewel die Here Jesus Christus na sy menslike natuur sy dissipels op die aarde verlaat het ten einde na die hemel op te vaar, kom Hy Self na sy goddelike natuur in die Heilige Gees (by die uitstorting van die Heilige Gees) na hulle toe terug!

Die Heilige Gees herinner die Christene aan alles wat Jesus Christus op die aarde geleer het en alles wat hulle moes weet (Johannes 14:26), Hy getuig oor Christus (Johannes 15:26) en verheerlik Christus (Johannes 16:13-15), d.w.s.,

maak sy goddelike eienskappe 'n sigbare werklikheid onder die Christene en plaas Christus in die middelpunt van Christene se lewens. Hy pas die verdienste van die verlossingswerk van Christus wat volbring is, in die lewens van Christene in die hele wêreld toe.

Dus, toe die Heilige Gees op Pinkster uitgestort is, *het Jesus Christus teruggekeer na sy volgelinge op die aarde*. Johannes 14:18 is dus geen verwysing na die toekomstige wederkoms van Christus nie, maar is 'n verwysing na die koms van Christus in die uitstorting van die Heilige Gees! Daarom is die kennis en ervaring van 'n vertroulike verhouding met Christus, sowel in sy dood as in sy opstanding, die vrug van die Heilige Gees (Romeine 8:9-11,15-17; 1 Korintiërs 12:12-13). God die Vader en God die Seun kom om 'met' en 'in' die gelowige (Christen) te woon deur die Heilige Gees (Johannes 14:23).

3. Die funksies van die Heilige Gees m.b.t. mense.

(1) Die Heilige Gees oortuig mense in die wêreld.

Hy oortuig hulle van sonde (hulle afgode), geregtigheid (van Christus) en oordeel (as hulle hierdie geregtigheid verwerp) (Johannes 16:8-10).

(2) Die Heilige Gees verteenwoordig Jesus Christus op die aarde (Johannes 15:26; 16:13-15).

Hy is uitgestort op Christene op die aarde om vir hulle alles te wees wat Christus vir hulle sou gewees het as Hy nog as Mens (liggaamlik) op die aarde was!

(3) Die Heilige Gees verander mense.

Hy laat mense weergebore word (Johannes 3:3-8; Titus 3:3-7), sorg dat mense die Woord van God hoor (Johannes 14:26; Efesiërs 6:17) en gehoorsaam (1 Petrus 1:2). Hy maak dat Christene steeds meer heilig word (Galasiërs 5:13-26) en Hy ondersteun Christene te midde van hulle lyding (Romeine 8:26-27).

4. Die funksies van die Heilige Gees m.b.t. die Gemeente (Kerk).

(1) Die Heilige Gees verheerlik Christus.

Hy verheerlik Christus in die ervaring en lewe van Christene (Johannes 16:14).

(2) Die Heilige Gees organiseer die Gemeente (Kerk).

Deur die wedergeboorte (d.i. die doop met die Gees) maak Hy 'n gelowige 'n lid van sy Liggaam, die Christelike Kerk (1 Korintiërs 12:12-13). Hy verander individuele Christene in 'n geestelike woning vir God (Efesiërs 2:22; 1 Petrus 2:4-5). Hy stel die egte oudstes (ouderlinge) in die gemeente aan (Handelinge 20:28). Hy is verantwoordelik vir die gesonde leer en praktyke van die Christelike Kerk (Handelinge 15:28). Hy lei die christelike byeenkomste en bediening (Efesiërs 5:18-19). En Hy skenk geestesgawes (genadegawes) aan individuele Christene soos Hy wil sodat die Christelike Kerk opgebou word (Romeine 12:4-8; 1 Korintiërs 12:11).

(3) Die Heilige Gees dryf die Christelike Sending in die wêreld aan.

Hy selekteer en roep individuele Christene om die evangelie te verkondig, dissipels te maak en nuwe gemeentes te plant (Handelinge 13:1-4). Hy gee aan elke Christen sy of haar eie taak (1 Korintiërs 3:5-9; 12:4-6,11). En Hy moedig Christene aan in tye van vervolging (Handelinge 13:49-52).

D. DIE DOOP MET DIE HEILIGE GEES

1. Die uitdrukking 'doop met die Gees'.

(1) Die uitdrukking kom net sewe keer voor in die Bybel.

Die uitdrukking 'doop met die Heilige Gees' (Grieks: baptizó en pneumatí) kom net sewe keer in die Bybel voor (Matteus 3:10-12; Markus 1:8; Lukas 3:16; Johannes 1:33; Handelinge 1:5; Handelinge 11:14-18 en 1 Korintiërs 12:12-13). Al sewe keer is dit 'n uitdrukking vir die *begin van dit Christenlewe (die wedergeboorte)*! 'Die doop met die Gees' word duidelik geassosieer met die *insameling van gelowiges* in die koninkryk van God, terwyl 'die doop met vuur' duidelik geassosieer word met die oordeel van ongelowiges (in die hel)(Matteus 3:10-12). 'Die doop met die Gees' word duidelik geassosieer met die ontvang van die Heilige Gees *wanneer mense tot geloof kom* (Handelinge 10:43-44; Handelinge 11:14-17; Handelinge 15:7-9; vergelyk Johannes 1:12-13; 7:37-39; Handelinge 19:2; 1 Korintiërs 12:3; Efesiërs 1:13; Titus 3:4-8), of *wanneer mense hulle bekeer*, m.a.w. gered word en aan die Gemeente toegevoeg word (Handelinge 2:38-41; Handelinge 11:18).

(2) Voorspelling en vervulling.

Voorspelling.

Die doop met die Gees is duidelik voorspel (beloof) in die Ou Testament (Esegiël 36:25-27; Joël 2:28-32).

Die vervulling in die heilsgeskiedenis. Die vervulling van die doop met die Gees vind as volg plaas:

- vir die eerste dissipels van Jesus Christus word in Handelinge 2:1-4 beskryf;
- vir die eerste Jode wat begin glo het, word in Handelinge 2:37-41 beskryf (vergeelyk Handelinge 1:8a, Jerusalem en Judea);
- vir die eerste half-Jode (Samaritane) wat begin glo het, word in Handelinge 8:12-17 beskryf (vergeelyk Handelinge 1:8b, Samaria);

- en vir die eerste nie-Jode (heidene) wat begin glo het, word in Handeling 10:34-48 beskryf (vergelyk Handeling 1:8c; 11:14-18; 15:7-11, die uithoeke van die aarde).

Normale vervulling.

Daarna *ontvang* elke mens wat die evangelie hoor en in Jesus Christus begin glo *onmiddellik* die Heilige Gees (Handeling 2:38-39), d.w.s. hy word ‘*verseël met die Gees*’ (Efesiërs 1:13) of ‘*gedoop met die Gees*’ (Handeling 11:14-18) en word so ’n lid van die Liggaam van Christus (die Christelike Gemeente/Kerk) (1 Korintiërs 12:13).

2. Die betekenis van die doop met die Gees.

(1) Verskillende uitdrukkings in die Bybel dui op die doop met die Gees.

- *Uit God gebore word* (Johannes 1:12-13), *uit Gees gebore word* (Johannes 3:5), *opnuut/van bo gebore word* (Johannes 3:3,7)
- Die ondergaan van *die doop* met die Gees (Handeling 1:5; 11:16; 1 Korintiërs 12:13).
- Die ondergaan van *die uitstorting* van die Gees (Handeling 2:17,33; Titus 3:6).
- Die *ontvang* van die Gees (Handeling 8:15; 10:47)
- Die ondergaan van die Gees wat op jou *val* (Handeling 8:16; 10:44; 11:15)
- Die ontvang van *die gawe* wat bestaan uit die Gees (Handeling 2:38; 11:17; 15:8).
- Die *verseëling* deur die Gees (Efesiërs 1:13).
- Die *gered word deur die bad van die wedergeboorte* en die vernuwung van die Gees (Titus 3:5; Handeling 11:14,18; Johannes 3:3-8).

Al hierdie uitdrukkings dui op die ontvang van die Gees op die moment wat iemand begin glo in Jesus Christus.

(2) Die doop met die Gees beteken die ontvang van die Gees waardeur iemand weergebore en gered word.

Toe die eerste heidene die evangelie hoor en in Jesus Christus begin glo het die Gees op hulle geval net soos op die eerste dissipels van Jesus Christus onder die Jode in die begin. God het aan hulle dieselfde gawe gegee wat bestaan het uit die Gees Self en noem hierdie gebeurtenis ‘die doop met die Gees’ (Handeling 11:15-17, die Pinkster van die eerste heidene)! Die resultaat was dat die heidene wat begin glo het in Jesus Christus, gered is net soos die Jode wat in Jesus Christus begin glo het (Handeling 2:18,21; 11:14; 15:11). God het aan die heidene die bekering gegee wat tot die lewe lei (Handeling 11:18; vergelyk Efesiërs 1:13). God het hulle hart gereinig deur die geloof (Handeling 15:9).

(3) Die doop met die Gees beteken die ontvangs van die Gees waardeur iemand aan Christus en sy Gemeente (Kerk, Liggaam) begin behoort.

Johannes die Doper het gesê dat Jesus Christus mense met die Gees sou doop en so hulle in sy skuur sou bymekaarbring (Matteus 3:11-12). Paulus het 26 jaar na Pinkster aan gelowiges uit die Jode en die heidene in Korinte geskryf dat dit nie maar net ’n uitgesoekte groepie nie, maar “ons almal” (alle Christene) deur (of met) één Gees tot één Liggaam gedoop is, naamlik, die Liggaam van Christus. Dit sluit al die apostels en alle gelowiges in die wêreld in (1 Korintiërs 12:12-13). Dus, wanneer mense begin te glo in Jesus Christus, word hulle deur (of met) die Gees tot één Liggaam gedoop (vergelyk Efesiërs 1:22-23).

(4) Die doop met die Gees beteken die ontvangs van die Gees waardeur die Gees in die gelowige gaan leef en werk.

By die doop met die Gees kom die Gees van Christus of Jesus Christus Self (Romeine 8:9-10) in die liggaam van die gelowige mens bly (Johannes 7:37-39; 1 Korintiërs 6:19-20). Dan begin die Heilige Gees die verlossingswerk wat Jesus Christus volbring het, in die lewe van die gelowige mens toe te pas. Mettertyd blyk dit ook duidelik watter genadegawe (geestesgawe)(s) die Heilige Gees aan die gelowige mens gegee het.

E. DIE VERVULLING MET DIE HEILIGE GEES

1. Die betekenis van die vervulling met die Gees.

(1) Die Heilige Gees is ’n kragtige persoon en nie net ’n onpersoonlike krag nie.

Wat beteken die vervulling met die heilige Gees? As die Heilige Gees maar net ’n onpersoonlike krag was wat ’n Christen vir ’n bepaalde hoeveelheid (bv. 30 %) sou kon besit, dan sou die heersende vraag van Christene wees: “Hoe kan ek meer van die Gees besit?” Maar wanneer die Heilige Gees ’n kragtige Persoon is, naamlik God Self, wat die Christen besit, dan is die belangrikste vraag wat die Christen kan stel: “Hoe kan die Heilige Gees meer van my besit?” Christene besit nooit die Heilige Gees nie, maar die Heilige Gees besit wel Christene! Die vraag oor ‘die vervulling met die Gees’ of ‘die volheid van die Gees’ (iets wat alleen die Gees bewerk) is dus ’n vraag oor ‘die heerskappy van Jesus Christus’ deur die Gees in die hart en lewe van die Christen. “Hoe kan Jesus Christus as Here en Koning my lewe meer beïnvloed en bepaal?”

‘Die vervulling met die Gees’ beteken: “Ek het myself volledig onderwerp aan God en sy heerskappy (beheer) oor my.” Dit beteken dat ek myself ontleedig het en nie langer my eie eer soek nie, maar net die eer van die Drie-enige God (Romeine 11:36). Dit beteken dat God my lewe bestuur en lei d.m.v. die Bybel, dat Hy my steeds verander om meer soos Christus te wees en my bediening steeds meer vrug laat dra.

(2) Die belofte aangaande die vervulling met die Gees.

Jesus Christus het beloof dat strome lewende water uit die binnenste van sy dissipels sou vloei (Johannes 7:37-39). Hy het spesifiek aan sy eie dissipels beloof dat hulle krag sou ontvang om sy getuies in die hele wêreld te wees (Handelinge 1:8).

(3) Die beskrywing van die vervulling met die Gees.

Wat beskryf die heilsgeskiedenis in die Bybel oor die vervulling met die Gees?

Daar is verskillende moontlike resultate: Let egter daarop dat hierdie historiese beskrywings geen bevel, en geen onderrig in die leer is wat suggereer dat hulle ook vandag in die Christelike Gemeente (Kerk) sou moet plaasvind nie.

- 1 Samuel 10:6-12. Saul *profeteer* in die midde van 'n groep profete.
- Lukas 1:41-43. Elisabet het *spesiale kennis* ontvang dat die kind van Maria die Messias was.
- Lukas 1:67-79. Sagaria het *geprofeteer* oor die komende Messias en die toekoms van Johannes die Doper.
- Lukas 4:1-2. Jesus het die *versoekings* van die duivel oorwin.
- Handelinge 2:4. Die dissipels van Jesus (ongeveer 120) het *die vermoë ontvang om oor die groot dade van God te praat* in verskillende bestaande tale wat hulle voorheen nie geken het nie.
- Handelinge 4:8. Petrus het *onmiddellike inspirasie ontvang om te spreek* tot die belangrikste vergadering van leiers in die land (die Sanhedrin) (vergelyk Markus 13:11).
- Handelinge 4:31. Die dissipels het *moed en vrymoedigheid* ontvang om te praat oor die Woord van God.
- Handelinge 6:3,8-10. Die eerste diakens, veral Stefanus, het *met onweerlegbare wysheid gespreek* en *wonders gedoen*.
- Handelinge 7:55. Stefanus het die vermoë ontvang om 'n *visioen te sien* van die heerlijkheid van die opgestane Christus.
- Handelinge 9:17-22. Paulus is steeds meer versterk en het die *vermoë ontvang om sy teenstanders te verwar*.
- Handelinge 11:24. Barnabas het die *vermoë ontvang om 'n groot menigte mense na Christus te lei*.
- Handelinge 13:9-11. Paulus ontvang die *gesag om God se oordeel oor 'n valse profeet uit te spreek*.
- Handelinge 13:52. Nuwe gelowiges was *instaat om bly te wees* te midde van vervolging.

Wat insideneel plaasgevind het vóór die doop met die Gees, vind gereeld plaas ná die doop met die Gees. Mense wat met die Gees vervul is toon verskillende werkinge van die Gees in hulle lewens.

2. Die onderrig aangaande die vervulling met die Gees.

Lees Efesiërs 5:15-21.

Wat leer die Bybel oor die vervulling met die Gees?

(1) Christene moet steeds met die Gees vervul wees.

Die hoofwerkwoord in Efesiërs 5:18-21 is: "laat die Gees julle vervul" (Efesiërs 5:18). Die woord is 'n bevel (imperatief), wat aanhoudend of telkens weer van toepassing is (onvoltooide teenwoordige tyd) en wat op soewereine wyse deur God uitgevoer word (lydende vorm). Dus, die Bybel beveel duidelik dat Christene voortdurend Geesvervuld moet wees of telkens weer met die Gees vervul moet word. Die Geesvervulde lewe is die normale lewe vir die Christen!

(2) Geesvervulde Christene word gekenmerk deur hulle spraak, sang, musiek, dankbetuigings en nederige houding.

Die volgende vyf werkwoorde is deelwoorde (AOV) 'spreek', 'sing', 'psalmsing', 'dank' en onderdanig wees' (Efesiërs 5:19-21). Hierdie werkwoorde is afhanklik van die hoofwerkwoord. Hulle dui op gelyktydige handeling met die hoofwerkwoord en het ook die krag van bevel wat voortdurend of telkens weer geldig is. Dus, die Bybel leer dat Geesvervulde Christene gekenmerk word deur die volgende:

- 'n Geesvervulde Christen raak nie betrokke by wilde partytjies wat geassosieer word met dronkenskap, oproer en immorele perversiteit nie (Efesiërs 5:3-13; 1 Petrus 4:3-4). In plaas daarvan kom hy/sy saam met ander bymekaar om te praat, te sing en so mekaar op te bou en God te verheerlik. Dit is 'n voorbeeld van die vrug van die Gees wat 'selfbeheersing' genoem word (Galasiërs 5:23; 1 Korintiërs 7:9; 9:24-27).
- 'n Geesvervulde Christen is nie negatief, krities of veroordelend oor mense en omstandighede nie. Hy word nie gekenmerk deur kla en redekawelry (Filippense 2:14), ontevredenheid en ondankbaarheid nie. In plaas daarvan is hy tevrede (Filippense 4:11; 1 Timoteus 6:6) en dank hy God onder alle omstandighede (1 Tessalonisense 5:18). Dit is 'n voorbeeld van die vrug van die Gees wat 'blydskap' genoem word (Galasiërs 5:22).
- 'n Geesvervulde Christen is nie aanstellerig (Multivert) opgeblase (trots) of individualisties onafhanklik nie. Hy onttrek hom nie van medewerking nie, saai nie verdeeltheid nie en is nie selfsugtig nie. In plaas daarvan is hy onderdanig. Byvoorbeeld, hy is altyd gewillig om die minste te wees. Hy is bereid om te dien waar andere nie wil of kán dien nie (Johannes 13:1-17). Hy stel die voorbeeld om aan andere eer te betoon (Romeine 12:10). Hy sien om na die belange van andere (Filippense 2:4). Hy is vriendelik, hoflik, sagmoedig, nederig en taktvol. Dit is 'n voorbeeld van die vrug van die Gees wat 'sagmoedigheid' genoem word (Galasiërs 5:23 AOV).

(3) Geesvervulde Christene word gekenmerk deur hulle gedrag, wysheid, prioriteite, kennis en gehoorsaamheid.

Daar is 'n voegwoord "en" tussen Efesiërs 5:17 en Efesiërs 5:18 in die oorspronklike Griekse teks. Dus word die Geesvervulde Christen ook gekenmerk deur die volgende in Efesiërs 5:15-17.

- 'n Geesvervulde Christen let noukeurig op na hoe hy hom gedra (wandel). Hy doen nie net wat reg is in sy eie oë nie, maar wat reg is in God se oë (Rigters 21:25). Op elke terrein van sy lewe wys hy dat hy die ou onafhanklike leefstyl van die wêreld verwerp het en 'n leefstyl van geregtigheid en heiligheid aangeneem het.
- 'n Geesvervulde Christen is altyd vol van praktiese wysheid. Hy gebruik die beste middele om die hoogste doel te bereik. Hy pas sy kennis van die Bybel in sy daaglikse lewe toe, op 'n manier wat God verheerlik.
- 'n Geesvervulde Christen gebruik die tyd en geleenthede wat God hom gee, ten volle.
- 'n Geesvervulde Christen streef doelbewus daarna om die wil van God, soos dit in die Bybel geopenbaar word, te ken en te gehoorsaam.

F. DIE VRUG VAN DIE HEILIGE GEES

Lees Romeine 8:9-16; Galasiërs 5:13-25.

Ontdek en bespreek. Hoe manifesteer die sondige natuur enersyds en die teenwoordigheid van die Heilige Gees Hom andersyds in die lewe van 'n Christen?

1. Die manifestasie van die sondige natuur.

Die inwonende sondige natuur druk hom uit in *fisiese sondes* soos seksuele immoraliteit en oormatigheid, in *geestelike sondes* soos afgodery en okultisme, en in *sosiale sondes* soos selfsugtige ambisies, vyandskap en moord.

2. Die manifestasie van die Heilige Gees.

Die inwonende Heilige Gees druk Homself uit in die vrug van die Gees. Hy druk Hom uit in belangrike *geestelike deugde* soos liefde, blydschap en vrede; in *sosiale deugde* soos geduld, vriendelikheid en goedheid; en in *verhoudingsdeugde* soos getrouheid aan God, sagmoedigheid teenoor mense en selfbeheersing in jouself.

As jy 'n Christen is, behoort jy aan Christus en sy Gees woon in jou liggaam. Dan is jy verplig om nie langer onder die beheer van jou sondige natuur te lewe nie, maar onder die beheer van die inwonende Heilige Gees. Die Heilige Gees is gekant teen die manifestasies van die sondige natuur en sal jou help om hierdie manifestasies dood te maak. Die Heilige Gees produseer sy vrug naamlik liefde, blydschap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, geloof, sagmoedigheid en selfbeheersing in jou. Die Heilige Gees sal jou lei op die pad wat God wil hê dat jy moet volg (Psalm 143:10). So word die Heilige Gees die dominante krag en invloed in jou lewe. Jy sal meer en meer aan Hom onderdanig wees en met Hom saamwerk.

G. DIE GAWES VAN DIE HEILIGE GEES

1. Die aard van genadegawes (geestesgawes).

(1) Genadegawes is letterlik 'gawes van God se soewereine genade, wat ook uit vermoëns en funksies kan bestaan.

“Daar is 'n verskeidenheid van genadegawes” (1 Korintiërs 12:4). Dít kan heel gewone of spesiale vermoëns of funksies wees. Byvoorbeeld, sommige Christene ontvang die gewone of besondere vermoë (bediening, diens) van profeteer (verkondiging), onderrig gee of bemoediging (Romeine 12:6-8) en ander Christene ontvang die gewone of besondere funksie (amp) om profeet (verkondiger), leraar of pastor te wees (Efesiërs 4:11; vergelyk Romeine 12:4). Hierdie funksies (amp) impliseer nie outomaties posisies van leierskap nie, maar wel dienende take (1 Petrus 4:10).

(2) Genadegawes word uitgedruk in 'n verskeidenheid van bedieninge.

“Daar is 'n verskeidenheid van bedieninge” (1 Korintiërs 12:5). Byvoorbeeld, genadegawes mag uitgedruk word in die bediening van verkondiging van God se Woord, in die bediening van evangelisasie onder mense wat verlore is of in die bediening van onderrig en versorging van mense wat gered is (Efesiërs 4:11-12).

(3) Genadegawes het 'n verskeidenheid van uitwerkings (resultate).

“Daar is 'n verskeidenheid van kragtige werkinge” (1 Korintiërs 12:6). Byvoorbeeld, genadegawes van genesings (meervoud) verwys na genadegawes wat mense fisies, emosioneel of geestelik genees. Buitendien verwys hierdie genadegawes na genesings deur heel gewone middele (soos deur dokters en terapeute) of na genesings deur wonderbaarlike middele (bv. gebed, geloof) (1 Korintiërs 12:9).

(4) Genadegawes is openbaringe van die Gees.

Die verskillende genadegawes is manifestasies/openbaringe van die teenwoordigheid en werk van die Heilige Gees in die gelowige (1 Korintiërs 12:7).

2. Die beperkings van genadegawes.

(1) Genadegawes is in elke lys van genadegawes beperk.

Daar word verskillende genadegawes genoem in Romeine 12:4-8; 1 Korintiërs 7:1,7; 12:7-10,28-30; 14:6,26; Efesiërs 4:11; 1 Petrus 4:10-11. Nie een van hierdie lyste maak daarop aanspraak dat hulle volledig is nie. Daar is waarskynlik genadegawes wat nie genoem word nie. Byvoorbeeld, die vermoë om klere te maak (Eksodus 28:3; 35:25,35), allerlei ander handvaardighede (Eksodus 31:1-6); vakkundigheid in bouwerk (Eksodus 35:10; 36:1), vaardigheid in die speel van musiekinstrumente (Psalm 33:2-3), vaardigheid in die skryf van gedigte en musiek (Psalm 45:1) en vaardigheid in leierskap (Psalm 78:72).

(2) Genadegawes word deur die Gewer beperk.

God gee verskillende genadegawes uit genade en op grond van sy soewereine besluit. Hy bepaal watter genadegawe 'n Christen kry (1 Korintiërs 12:11).

Geen Christen ontvang alle genadegawes nie en alle Christene ontvang nie dieselfde genadegawes nie. Byvoorbeeld, nie alle Christene is leiers nie en nie alle Christene kan in tale praat nie (1 Korintiërs 12:29-30).

Christene verskil van mekaar oor die vraag of elke individuele Christen wel 'n genadegawe ontvang het of nie.

- Die woord "elkeen" kan 'n heel algemene betekenis hê, in die sin van elke mens wat ooit geleef het (Romeine 2:6) of elke Christen wat ooit geleef het (Handelinge 2:38; Romeine 12:3; 14:12). Daarom glo sommige Christene dat die woord "elkeen" in 1 Korintiërs 7:7, 12:7, 14:26 en 1 Petrus 4:10 beteken dat elke Christen een of ander genadegawe ontvang het. Dit is moonlik.
- Maar die woord "elkeen" het beperkte betekenis in die sin van "elkeen wat tot 'n bepaalde groep of kategorie behoort". Byvoorbeeld, elke huigelaar (MV) (Lukas 13:15), elke mens in die skare (Johannes 6:7) of elke Christen in Judea wat iets nodig het (Handelinge 4:35). Daarom glo ander Christene dat die woord "elkeen" in 1 Korintiërs 7:7, 12:7, 14:26 en 1 Petrus 4:10 'n beperkte betekenis het in die sin van elke Christen in die Liggaam van Christus *aan wie die Heilige Gees soewerein 'n genadegawe gegee het* (1 Korintiërs 12:11,28-30). Dit is daarom nie absoluut noodsaaklik nie om te bly glo dat elke individuele Christen een of ander genadegawe ontvang het.

Efesiërs 4:7 sê: "Aan elkeen van ons is die genadegawe (Grieks: charis) gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het". Dit sê nie dat elke Christen 'n genadegawe ontvang het nie, maar wel dat elke Christen *genade* ontvang het. God se genade is veel meer as sy genadegawes. Elke Christen ontvang 'n spesifieke hoeveelheid (maat) van die buitengewone werkinge van God se genade. Byvoorbeeld, sommige Christene ontvang die Godgegewe genade om 'n geestelike fondament te lê (1 Korintiërs 3:10), terwyl ander Christene die Godgegewe krag ontvang om harder as ander Christene te werk (1 Korintiërs 15:10). Sommige Christene ontvang die Godgegewe krag om te volhard onder moeilike omstandighede (2 Korintiërs 12:9), terwyl ander Christene die Godgegewe vermoë en vaardigheid ontvang om sendingwerk in vreemde lande te doen (Galasiërs 2:9). So ontvang ander Christene ook spesifieke Godgegewe genadegawes (Grieks: charismata) (Efesiërs 4:11; 1 Petrus 4:10-11).

(3) Genadegawes is beperk in omvang.

God se genade, maar ook sy genadegawes is beperk in omvang – hulle is 'afgemeet' (Efesiërs 4:7). Dit beteken dat diegene wie wel een of ander genadegawe ontvang het, besit die gawe net in 'n afgemete mate en omvang. Byvoorbeeld, sommige Christene ontvang die genadegawe om onderrig aan *kinders* te kan gee, terwyl andere die genadegawe ontvang om aan *volwassenes* onderrig te kan gee. Sommige Christene met die genadegawe van onderrig kan baie mooi *verhale vertel*, terwyl andere met die genadegawe van onderrig die Bybel baie *goed kan uitlê*. Niemand gee onderrig aan almal in die wêreld nie en niemand (behalwe Jesus Self) is 'n volmaakte leraar wat oor elke moontlike vaardigheid beskik nie.

3. Die doel van genadegawes.

Daar is vier duidelike doele vir die Christene met genadegawes:

- Die genadegawe moet benut word om ander Christene *te dien* en nie om jouself voorop te stel nie (1 Petrus 4:10-11).
- Die genadegawes moet benut word om die wêreldwye Gemeente (Kerk) *op te bou*, en nie maar net om een bepaalde kerkgenootskap te bevorder nie (1 Korintiërs 12:7; 14:12).
- Die genadegawes moet benut word om Christene *toe te rus* om een of ander bediening in die Gemeente uit te voer (Efesiërs 4:12).
- Die genadegawes moet benut word om God in alles *te verheerlik* (1 Petrus 4:11).

| | | |
|----------|------------------|--|
| 5 | GEBED (8 minute) | <i>[REAKSIËS]</i> GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD |
|----------|------------------|--|

Bid saam as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring 'n beurt kry om kort (in één of twee sinne) te bid en te reageer op wat hy/sy in hierdie byeenkoms van God geleer het.

Deel die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor “Pinkster” – die herdenking van die uitstorting van die Heilige Gees” saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit 2 Korintiërs 1 - 3. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid-metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: (3) Johannes 3:16. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Johannes 3:1-36. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor jou stiltetyd, memorisering en hierdie opdrag in.